HEFSIBA NUUSBRIEF

Geskryf deur Kruger en Antoinette du Preez

**Desember 2009**

Liewe Vriende,

Pas teruggekeer van 'n Kersdiens hier in Parys - dit was heerlik om weer al die pragtige Kersliedere te hoor en mee te sing in die taal (al noem 'n artikelskrywer in The Wallpaper dit "the ugliest language in the world"!).
Het net weer gedink aan biskop Tutu wat gesê het een van die mooiste kersliedjies vir hom is die sekulêre liedjie: "I just call, to say; I love you ... and I mean it from the bottom of my heart". God het as't ware ingeloer hier op aarde deur Sy Seun en gesê: "Ek het julle lief". Ja, so life dat Jesus volkome mens geword het, tussen ons gelewe en Sy liefde vir ons gewys het tot aan die kruis. Kom ons sê dit dan hardop vir mekaar in hierdie Adventstyd: "God het jou lief en God het die hele wêreld lief."

Toe ons verlede Dinsdag die aand moeg by Beitbrug aankom ná 16 ure op die pad, groet en van die Zimbabwe amptenare ons met: "I am feeling so wonderful." Ek vra toe wat hom nou eintlik laat wonderlik voel en hy antwoord: "God is good and therefore life is good" . Antoinette sê toe aan hom dat na al die dramas op die pad en die verkeersboete in Zimbabwe, dit die mooiste woorde is wat sy nog die dag gehoor het! Halleluja! God is goed!

**TERUG OP PARYS**

Die reis van Vila Ulongue tot hier het werklik goed verloop en ons is die Here baie dankbaar - God is goed! (Dat ek 3h30 die oggend van ons vertrek uit Vila, agteruit oor al ons padkos gery het, kan nie op Sy rekening geplaas word nie. Ook nie die feit dat ek 78km in 'n 60km sone gery het nie!) Donderdag se opvolg kankerbehandeling in Potch, het besonder goed verloop met minimum newe-effekte. Ek gaan nog die volgende twee Vrydae "instandhoudings" behandelings ontvang. Dankie vir julle gebede!

Lekker gewees om weer ons kinders en kleinkinders te siene te kry. Ons skoondogter, Lauren, is 6 maande vewagtend met hul eersteling en het ons 'n drie-dimensionele foto gewys van kleine Louw Kruger du Preez - vir oupa en ouma te pragtig vir woorde!

**GRADEPLEGTIGHEID EN LEGITIMASIE**

Ons het dit vanjaar anders gedoen. Die studente het na die ontvang van grade, diplomas en sertifikate, kerse (lig) aangesteek by die dosente en toe het hulle dit vir mekaar aangesteek en reg rondom die saal stelling gaan inneem en uit volle bors gesing: "O knegte van die Here - wandel in Sy lig en proklameer die Verlossing" - Aangrypend. Die goewerneur van die Tete-provinsie het ons saam met al sy hooggeplaaste gaste vereer met sy teenwoordigheid. Hy het net lof gehad vir die goed georganiseerde

gradeplegtigheid ('n pluimpie ook vir Petria Theron wat aan die hoof gestaan het van die Reëlingskomitee). Vir die eerste keer het ons buitemuurse studente grade ontvang - sommiges in Teologie en ander in Sielkunde. Ons was sommer trots op al ons studente, ook in die besonder op die buitemuurse studente. Drie van hulle (van ander kerkgenootskappe), is gevra om in 2010 as tydelike dosente by klas te gee. Virassone, een van die studente, het aangebied om vir 3 jaar sonder enige vergoeding klas te gee uit dankbaarheid vir wat HEFSIBA vir hom beteken het! As dit in gedagte gehou word dat hulle met bloedweinig kennis van die Skrif en van God hulle 4 jaar gelede by ons gevoeg het en in hierdie tyd so wonderlik gegroei het in kennis en geestelike volwassenheid, dan kan ons net sê: Soli Deo Gloria! Aan God alleen die eer!

Groot was die blydskap toe die finale jaar Teologiese studente hulle fietse en tweedehandse tikmasjiene as geskenke ontvang het! Dankie Robertson-Oos gemeente en ander individue!

Die Kuratorium was in die algemeen beïndruk met die teologiese finaliste se geestelike volwassenheid, roepingsbewustheid en prinispiële denke. Hulle word almal in Desember of Januarie bevestig in nuwe gemeentes of werkskringe met baie uitdagings. Ds. Mala word dosent by 'n ander Teologiese Skool by Makuba en Sulude gaan by SIL werk as Bybelvertaler. Bid asb vir hulle almal.

Die legitimasie die Sondag was 'n ernstige okkasie. Dit het my met groot dankbaarheid vervul om te sien dat twee van die sinodes se aktuarisse en die prediker (ds Mabote) oud-studente van my was hier op HEFSIBA. Ek was ook getref deur die wysheid en kerkregtelike insig van ons oud-studente tydens ons twee dae lange Kuratorium vergadering. Dit gee mens werklik moed vir die toekoms. Na deeglike bespreking is daar o.a besluit dat vrouens in die toekoms Teologie by ons mag studeer - al mag hulle nie deur die kerk (IRM) gelegitimeer word nie. Elizabeth, van die Assemblies of God, gaan ons eerste student wees. - sy wil haar bekwaam vir die evangelisteamp.

Ernstige kennis is ook geneem van die negatiewe begroting van HEFSIBA vir 2010. Daar is besluit dat die sinodes of sturende gemeentes self verantwoordelik is vir die

Registrasiegelde van hulle studente met terugkerende werking vanaf 2006! Studente wat sonder hierdie registrasiegelde aanmeld in 2010 staan gevaar om summier teruggestuur te word. Daar is met kommer kennis geneem van die 47% gemmiddeld salarisverhogings wat die staat verwag vir ons dosente en in die lig van die huidige finansiële situasie is daar besluit dat geen 13de tjek uitbetaal sal word nie. Dit maak mens se hart bly om te sien hoe daar almeer eienaarskap geneem word deur ons Mosambiek broers en susters. Ons voltydse Mosambiekse dosente se salarisse wissel nou tussen R3 000 en R6 000 per maand. Daar is besef dat HEFSIBA se finansiële probleme op 'n einde sal wees indien ons vir hierdie 5 dosente subsidiëring kan kry. Word gerus deel van HEFSIBA se "Neem-'n-dosent-aan" projek. Ons Zimbabwiese tesourier, Tarisai, wat goeie werk doen, word ook volgende jaar permanent aangestel. Ons soek ook nog borge vir hom. Hy verdien R42 857 per jaar en ons het reeds R10 000. Ons soek dus nog vir die broer R32 857 of R2 738.00 per maand. Enige Handelsinstelling of Boekhoukundige- of Ouditerings-instansie wat 'n goeie belegging wil maak?

**<u>NUWE REKORD HOEVEELHEID STUDENTE VIR 2010</u>**.

HEFSIBA het 'n rekord getal studente goedgekeur vir volgende jaar: 15 voltydse teologiese studente en vir die Psigologie graad 62 buitemuurse studente. Die teologiese studente is 'n antwoord op gebed en ons versoeke nadat die sinodes van die IRM in 2009 net 2 studente goedgekeur het. In die debat het dit veral daaroor gegaan dat die sinodes verantwoordelikheid aanvaar vir elke student wat klaarmaak en dat daar eenvoudig nie geld is vir so baie predikante nie! Die saak moet dus aangespreek word by die beroepingstelsel en by die gee van tiendes deur lidmate. Hierdie is natuurlik 'n groot uitdaging vir HEFSIBA en sy personeel, maar ook vir die fondsinsamelaar wat verantwoordelik is vir die teologiese beurse! Skielik het ons bv 'n groot tekort aan rekenaars - ons soek nou dringend nog 15 nuwe rekenaars en moet daar ekstra lesenaars gemaak word vir Afrika!

Ons versoek dus ons bestaande donateurs om asb voort te gaan met hulle ondersteuning en doen 'n beroep op ander om te help met die ondersteuning van nog 4 volledige beurse vir Teologiese studente wat R17 000 per jaar of R1 417.00 per maand beloop vanaf die begin van 2010. Ons wil ook 3 van ons buitemuurse studente, wat lidmate is van die IRM kerk, help, asook die nuwe teologiese damestudent. 'n Beurs hier beloop slegs R4 857.00 per jaar, d.i. R405 per maand. Enige bydrae in die verband sal welkom wees. Sien die Bank inligting hieronder. Gelukkig betaal die meeste buitemuurse studente vir hulleself en dit help ons baie - ons hoop om uit hierdie oord so 'n R300 000 vir die volgende akademiese jaar te kry.

'n Nuwe Universiteit satalietkampus van die staat het pas oopgemaak op Vila. Die klem val veral op Landbou en Bestuur. Die studiegelde is maar so R1 143 per jaar! Om die rede het ons gedink dat ons nie meer studente gaan trek nie, maar ons het so 'n goeie naam van toegewyde dosente van integirteit en hoë standaarde dat die mense steeds verkies om by ons te studeer al kos dit hulle 4 keer meer! Ons skop dus af met 'n rekordgetal van 113 studente volgende jaar. Wat 'n geleentheid om harte en verstande te draai vir God se Koninkryksbeginsels! Selfs die nuwe burgermeester, wie se vrou reeds 3de jaar student by ons is, is vir volgende jaar by ons ingeskryf!

**GEE ONS WATER!**

Een van die lekkerste dinge hier in SA is om weer te stort! Die situasie op die sendingstasie op Vila Ulongue is kritiek. Die watervlakke het dramaties gesak en ons hoofbron van water is vol sand sodat die pompe aanmekaar uitbrand. 'n Fonds is nou gestig vir die boor van 2 nuwe gate wat ons hier by die R100 000 sal kos. Iemand wat dalk weet van organisasies wat sal kan help? Ons langtermyn visie is om water direk uit die rivier te pomp - 'n projek wat ons so by die R385 000 sal kos.

Bid asb vir uitkoms in die nuwe jaar en bid ook maar in die besonder vir Dirk Smit wat ons waterfiskaal is en onder baie druk is om water op te tower.

**PERSONEEL SAKE**

1. Petria Theron kom vir die vakansie SA toe. Sy gaan 'n rukkie in Potch wees en dan gaan sy na haar familie toe in PE. Veral die gereedmaak van al die finale jaar se "monografië" of skripsies het haar die laaste tyd baie besig gehou naas haar ander verantwoordelikhede op die Akademiese Komitee en as Fakulteitshoof van die Psigologie.

2. Dirk en Marie Smit kom ook hier voor Kersfees af na SA. Dirk hoop om vir die eerste keer sy enigste kleindogter te siene te kry – lekker 'bond!' Mooirivier Makelaars, Potchefstroom beplan om 20 ou rekenaars op te bou en in Februarie deur te vat na Vila vir die Engelse projek wat Marie gaan hanteer. Mense wat hul ou rekenaars wil skenk is baie welkom! Kontak ons asb in die verband. Koop hierdie Kersfees 'n nuwe rekenaar en skenk jou oue aan HEFSIBA!

3. Aaron en Alvinah Musubi, ons Venda-sendelinge, beplan om eers in Januarie hulle familie te kom besoek. As Teologiese Fakulteits hoof, Visie-Akademiese Direkteur en dosent in baie vakke, het hy 'n besonder harde jaar agter die rug en verdien 'n blaaskansie. Ons noem hom al "Meneer Busy-busy" Hy beplan om volgende jaar in te skryf vir sy doktorsgraad.

4. Ek en Antoinette wil so aan die begin van die eerste week in Januarie weer terugkeer na Vila. Intussen was, en is, Antoinette ernstig besig om al die akademiese administrasie, die Prospektus, die Dosentegids, en die Kalender in Portugees in gereedheid te kry vir die drukpers. Ons gaan vir 'n eerste keer ook van ons diktate en boeke in A5 formaat laat druk hier in SA - meer professioneel. (Die ander rede synde dat ons enigste fotokopieerder op HEFSIBA bietjie op wankelrige bene staan!) Naas my navorsing beplan ek ook om so gou moontlik die nodige briewe te skrywe aan die donateurs en die vorderingsverslae van die studente by te voeg. Ek preek Sondag 6 Desember op Warmbad. Ds. Teuns Kriek en sy gemeente daar op Bela-Bela beplan 'n Potjiekosprojek vir HEFSIBA op Vrydag 4 Desember. Tom en Magda Saayman gaan HEFSIBA daar verteenwoordig. Die Potjiekosidee lyk na 'n navolgingswaardige voorbeeld - nie waar nie? Potjiekos vir HEFSIBA!

5. Zeria Capece, die vrou van ds Tomé Capece, is aangestel vanaf 2010 as die nuwe Akademiese Direktrise van die Vroue-opleiding. Sy moet nog baie leer, o.a. rekenaarsgeletterdheid, en benodig ons voorbidding.

6. Ons het volgende jaar dus DV 3 sendeling dosente, 5 voltydse Mosambiekse dosente vir Teologie en Psigologie, 3 voltydse Mosambiekse dosente vir die vrouens, en 13 tydelike dosente. 'n Totaal dus van 24 dosente! Dankie vir die voorbidding vir ons dosentekorps. Bid dat hulle manne en vroue van integriteit sal wees, vol van die Gees en met 'n roepingsbewustheid.

**DANKIE EN GENIET DIE KERSFEES!**

In die eerste plek wil ons aan ons God dankie sê vir onverdiende goedheid: Sy beskerming en voorsiening aan ons as gesin, maar ook aan HEFSIBA as geheel. Aan almal wat die moeite gedoen om met meelewing ons Nuusbriewe te lees in hierdie jaar - dankie! Aan al ons voorbidders - sonder julle kan ons nie verder nie! Aan ons donateurs (ook hulle wat gehelp het met die boetebetaling van HEFSIBA) - God se seën julle toegebid vir 'n voorspoedige Nuwejaar.

Wat 'n heerlike tyd van die jaar is Kersfees nie! Ja, dit is só dat die smouse díe tyd heeltemal uitbuit om hulle koffers te vul. Maar dit hoef ons nie te weerhou van die vreugde wat met hierdie tyd gepaard gaan nie. Dit is tragies hoeveel mense die sprokiestyd vervaal en vergrys omdat hulle glo dat dit net in 'n wêreldse fees ontaard het. Ek weet dit is nie regtig Christus se geboortedatum nie, maar hoekom nie fees vier omdat ons iets verstaan van waaroor dit werklike gaan nie? - Eugene Kemp

Just think of all those women on the Titanic who said, "No thank you,' to dessert that night. And for what?! - Erma Bombeck

Onthou - God is goed en het jou lief en so ook die mense van Mosambiek en HEFSIBA!

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!
Kruger & Antoinette du Preez

NS Het jou gemeente of sinode 'n Webbladsy? Waarom nie vir ons as ambassadeur optree en vra dat hulle ons HEFSIBA Nuusbrief (en ook ‘n skakel na die HEFSIBA Webwerf) ook op hul Webwerf plaas nie? Wes-en Suid-Kaap sinodes van die NG Kerk doen dit reeds. KP

BANKBESONDEREHEDE:
HEFSIBA
ABSA Lynnwoodrif Pretoria
Takkode: 333-845
Rek. nr. 14-2015-5464
Kontakpersoon: Mev. Corrie Swanepoel. Tel. 012-8049543 en E.Pos
getuie@sinoos.co.za

NB Meld asb duidelik op inbetalingstrokie waarvoor geld gaan bv. Studente Beurse, Waterprojek, Rekenaars, Dosente Ondersteuningsfonds.

HEFSIBA Instituto Superior Cristão
Landlyn in SA: 0568113346
Sel in SA: +27 823931292 of +27 760620692
E.Pos: krugerdup@gmail.com of admin@hefsiba.org en rig brief aan Anél van der Walt

**www.Hefsiba.org**